

**29 November**

**Skrifgedeelte: Jesaja 26 en 27**

**Fokusgedeelte: Jesaja 26:19**

### **God se kinders lewe weer!**

Die Ou Testament handel nie baie oor die lewe na die dood nie. Die fokus val baie skerper op hierdie lewe. Dit handel oor God se beloftes vir hierdie lewe, sy opdragte, hoe sy kinders moet leef en sy oordeel wat die ongehoorsames in hierdie lewe tref. Tog het die besef van 'n lewe wat meer inhou as net hierdie lewe stadig gegroei. Jesaja 24-27 handel oor die einde van hierdie bedeling. Daarom is dit nie vreemd nie dat die gedeelte ook vrae vra oor wat met die gelowige na hierdie lewe gaan gebeur. Die Ou Testament praat wel oor die doderyk, maar dit skets 'n prentjie van duisternis en droefheid, 'n plek waar God nie is nie. Psalm 115:17 en 18 maak die teenstelling tussen die wat leef en die wat dood is, duidelik. Die dooies kan die Here nie prys nie net die gelowiges wat nog leef kan dit doen. Ons fokusgedeelte maak dit egter duidelik dat die stand van sake gaan verander. Aan die einde van die tyd gaan die gelowiges wat gesterf het, herleef en die Here prys. Hoe dit gaan gebeur, is nog nie duidelik nie. Die Nuwe Testament maak dit duideliker. Op grond van die verdienste van Jesus Christus spreek die dood nie die laaste woord oor gelowiges nie. Gelowiges wat gesterf het, is altyd by die Here. Met Jesus se wederkoms gaan daar weer lewe kom en sal die gelowiges in die lewe hierna op 'n nog meer besondere wyse altyd by die Here wees.

*Sing: Psalm 115:8,9*

*Prof HF van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)*